24.3 RAPPORT 3 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – OPDRAG VAN ALGEMENE SINODE 2015 RAKENDE BESWAARSKRIF KO, ART 8

24.3 REPORT 3 – CURATORS THEOLOGICAL SCHOOL POTCHEFSTROOM – INSTRUCTION OF GENERAL SYNOD 2015 WITH REGARDS OF PETITION OF PROTEST CO, ART 8

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod take note of**
1.1 *Opdrag* Die Algemene Sinode 2015 het die volgende besluite geneem ten opsigte van die Beswaarskrif KO, art 8 deur GK Pinetown: "8.1 Omdat beswaargrond 1 die essensie van KO, art 8 raak, slaag die Beswaarskrif in geheel. 8.2 Die versoek van GK Pinetown dat hul voorgestelde Prosedure aanvaar word, word in die lig van KO, art 30 nie aan gevolg gegee nie. 8.3 Die voorgestelde Prosedure word na die Kuratore verwys om, in ooreenstemming met die Kerkorde en Sinodebesluite, as riglyn aan die kerke deur te gee".	1.1 *Mandate* General Synod 2015 took the following decisions regarding the Petition CO, art 8 of GK Pinetown: "8.1 Since petition ground 1 goes to the heart of CO, art 8, the Petition is successful as a whole. 8.2 The request of GK Pinetown for acceptance of their proposed procedure is not to be carried out in light of CO, art 30. 8.3 The proposed procedure is to be referred to the Curators, in accordance to the Church Order and Synod decisions, to circulate to the churches as guideline".
1.2 *Besinning oor die besluit van die Algemene Sinode*	1.2 *Review of the decision of the General Synod*
1.2.1 Sinode 2015 het slegs op een grond die Beswaarskrif van die GK Pinetown laat slaag (p293). Die grond (beswaargrond 1) stel dat die balans van die evaluerings-las oor die hantering van 'n art 8-aansoek vanaf die Klassis na die TSP verskuif. Die beswaargronde wat te doen het met prosedures en riglyne vir die vasstelling of iemand buitengewone gawes het (beswaargrond 2), die volgorde van evaluering (beswaargrond 3) en die verskillende rolspelers wat by die art 8-proses betrokke is (beswaargrond 4), is nie deur die Sinode gehandhaaf nie.	1.2.1 Synod 2015 only declared one petition ground of the GK Pinetown successful (p293). Petition ground 1 states that the balance of the evaluation burden, in regard to an art 8 application, shifts from the Classis to the TSP. The petition grounds that relate to procedures and guidelines for identifying possible extraordinary gifts of a person (petition ground 2), the sequence of evaluation (petition ground 3) and the different role players relevant to the art 8 process (petition ground 4) were not upheld by the Synod.
1.2.2 Paragraaf 1 van die geslaagde beswaargrond verwys na 2.2 van die bestaande reëling oor eksaminering ingevolge KO, art 8 (Prospektus TSP p57). <u>Beredenering</u>: Punt 2.2 stel dat 'n art 8-aansoek by 'n Kerkraad begin. As die Kerkraad oordeel dat 'n kandidaat meriete het, word sy aansoek na die TSP verwys voordat die Klassis/	1.2.2 Paragraph 1 of the successful petition ground refers to 2.2 of the existing arrangement re. examination according to CO, art 8 (Prospectus TSP p57). <u>Reasoning</u>: Point 2.2 states that an art 8 application is initiated by a Church Council that deems a candidate has merit, and refers his application to the TSP before the Classis/Major assembly

Meerdere vergadering met 'n proses van eksaminering begin. In aansluiting by 2.2 is die volgende in hakies bygevoeg: (Dit sal verstandig wees indien die Kerkraad ook die advies van die Klassis mbt die KO, art 8 aansoek vra). Die bedoeling met die woorde in hakies is dat die Kerkraad wat die art 8 aansoek hanteer, reeds op 'n vroeë stadium advies uit die naburige kerke kan vra. Hierdie advies moet nie verwar word met die eksaminering en preekproewe waarvan KO, art 8 melding maak nie.	undertake the process of examination. In conjunction to 2.2, the following is added in brackets: (It would be prudent for the Church Council to seek the advice of the Classis in regard to CO, art 8). The statement in brackets implies that the Church Council reviewing the art 8 application may already seek the advice of neighbouring churches early on in the proceedings. This advice is not to be confused with the examination and probationary sermons referred to in CO, art 8.
1.2.3 Paragraaf 2 van die geslaagde beswaargrond stel dat die TSP effektief die primêre evalueringsparty in die 2012-prosedure word. Beredenering: Die Kerkraad is en bly die handelende liggaam tydens hele verloop van die art 8-aansoek. Die Kerkraad evalueer of die aansoeker werklik die buitengewone gawes het. As die Kerkraad oordeel dat dit die geval is, verwys hulle die kandidaat na die TSP. Die TSP assesseer die kandidaat. Op grond van die assessering word die aansoek terugverwys na die Kerkraad, waarna die proses van eksaminering deur die meerdere vergadering(s) plaasvind.	1.2.3 Paragraph 2 of the successful petition ground proposes the TSP effectively become the primary evaluation party in the 2012 procedure. Reasoning: The Church Council is and remains the driving body during the art 8 application. The Church Council evaluates whether the applicant truly possesses extraordinary gifts and should this be deemed to be the case, the candidate is referred to the TSP. The TSP assesses the candidate and then refers the application back to the Church Council, upon which the examination by the major assembly(ies) proceeds.
1.2.4 Paragraaf 3 van die geslaagde beswaargrond stel dat daar 'n potensiële konflik van belange by die TSP kan wees, aangesien die instansie wat handel oor akademiese bevoegdheid hom moet uitspreek oor die aard en omvang van die buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid, goeie verstand, onderskeidingsvermoë en welsprekendheid van 'n kandidaat. Beredenering: Die potensiële konflik moet inderdaad vermy word. KO, art 8 moet egter in verband met KO, 4 en 9 verstaan en toegepas word. Almal wat tot die diens van die Woord toegelaat word, word ooreenkomstig dieselfde norm toegelaat, ook al is daar verskil van roete wat gevolg word. Die TSP assesseer die norm in alle gevalle.	1.2.4 Paragraph 3 of the successful petition ground raises the potential conflict of interest at the TSP, since an institution that is directed at academic competency must now judge the nature and scope of the extraordinary gifts, piety, humility, mental fortitude, discernment ability and eloquence of a candidate. Reasoning: Any potential conflict must indeed be avoided. CO, art 8 must, however, be understood and applied in relation to CO, arts 4 and 9. Whoever is admitted to the ministering of the Word, is admitted based on a common prin-ciple regardless of the route taken. The TSP assesses the norm in all case
1.3 *Die huidige Propektus en die besluit van die Algemene Sinode*	1.3 *The current Prospectus and decision of the General Synod*
1.3.1 Die reëling in die Prospektus wat	1.3.1 The stipulation in the Prospectus

betrekking het op KO, art 8 is genoegsaam en moet nie met die voorgestelde "*Prosedurele riglyne vir die evaluering van aansoeke in terme van KO, art 8*" (Sinode 2015:293-300) vervang word nie. Die kerke het nog altyd daarteen gewaak om te wil oorreglementeer. Sinode 2015 het met die afwys van beswaargrond 2 van die Beswaarskrif die gevaar van oorreglementering bevestig.	related to CO, art 8 suffices and should not be replaced with the proposed "*Procedural guidelines for the evaluation of applications in terms of CO, art 8*" (Synod 2015:293-300). The churches have always been cautious to overregulate. Synod 2015 confirmed the risk of overregulation with the rejection of petition ground 2.
1.3.2 Die woorde in hakies (Dit sal verstandig wees indien die Kerkraad ook die advies van die Klassis mbt die KO, art 8 aansoek vra) onder 2.2 het klaarblyklik verwarring veroorsaak, tot só 'n mate dat 'n Beswaarskrif op 'n grond hierteen slaag. Sonder dat dit aan die verdere inhoud van die prosedure in die Prospektus verander, kan dit goedskiks geskrap word.	1.3.2 The statement in brackets (It would be prudent for the church council to seek the advice of the classis in regard to CO Art. 8) under 2.2 has apparently created confusion, to the degree that a petition of protest is successful on this ground. Without it amending additional content within the procedure in the Prospectus, it can be summarily scrapped.
1.4 *Besluit van die Kuratore (Notule K15-06-18:8.3)*	1.4 *Decision of the Curators (Minutes K15-06-18:8.3)*
1.4.1 Dat die Prosedure ingevolge art 8 soos volg gewysig word.	1.4.1 The procedure in terms of art 8 be amended as follows.
1.4.2 Die wysiging word in die Prospektus van die TSP opgeneem en aan die kerke beskikbaar gestel.	1.4.2 The amendment is adopted into the Prospectus of the TSP and made available to the churches.
1.5 *Wysiging van Prosedure ingevolge Kerkorde, artikel 8 op grond van die besluit van die Algemene Sinode (Notule K15-06-18:8.3)* Die Kuratore het na deeglike ondersoek, met verrekening van die Beswaarskrif en die besluite van die Sinode, die Prosedure ingevolge art 8 soos volg gewysig:	1.5 *Amendment of procedure in terms of Church Order, article 8 based on the decision of the General Synod (Minutes K15-06-18:8.3*) Upon thorough review, taking into account the petition of protest and the decisions of the Synod, the Curators amended the procedure in terms of art 8 as follows:
~~EKSAMINERING~~ PROSEDURE INGEVOLGE KERKORDE, ARTIKEL 8	**~~EXAMINATION~~ PROCEDURE IN TERMS OF CHURCH ORDER, ARTICLE 8**
Iemand wat nog nie gestudeer het nie, maar op grond van uitsonderlike gawes tot die diens van die Woord toegelaat wil word, se aansoek en ondersoek word soos volg hanteer:	The application and review of anyone who wishes to be admitted to the ministry of the Word based on extraordinary gifts, but has not studied, is subject to the following procedure:
2.1 Die aanvanklike aansoek om in terme van KO, art 8 tot die bediening toegelaat te word, word aan die aansoeker se Kerkraad gerig.	2.1 The initial application to be admitted to the ministry of the Word, in terms of CO, art 8, is submitted to the applicant's Church Council.
2.2 Indien die Kerkraad oordeel dat die aansoek meriete het, word die KO, art 8 aansoek ~~(~~deur die aansoeker met volledige motivering soos art 8 beskryf tesame met 'n	2.2 Should the Church Council deem the application of merit, the CO, art 8 application is submitted to the TSP ~~(~~by the applicant, including a full motivation as described in art

aanbeveling van die Kerkraad~~)~~ by die TSP ingedien. ~~(Dit sal verstandig wees indien die Kerkraad ook die advies van die Klassis mbt die KO, art 8 aansoek vra.)~~ 2.3 Die aansoeker meld by die TSP (Senaat en Kuratore) aan vir 'n *colloquium doctum*. Die *colloquium doctum* dien as 'n assessering van die teologiese geskiktheid van die aansoeker. Drie preke (OT, NT en HK) word geëksamineer. 2.4 Die TSP maak die uitslag van die assessering aan die Kerkraad bekend. 2.5 Die Kerkraad gee die nodige dokumentasie en motivering aan die aansoeker om by die Streeksinode aan te meld. 2.6 Indien die Streeksinode bevind dat die aansoeker slaag, word die student na 'n Klassis gestuur om 'n tyd lank preekproewe te lewer, en om dan met hom te handel soos die Klassis stigtelik oordeel. **Aanduiding van wysigings:** Opskrif: "Eksaminering" word vervang met "Prosedure". Paragraaf 2.2: Die eerste hakies word weggeneem. Die woorde in die tweede hakies word weggeneem.	8 together with the recommendation of the Church Council~~)~~. ~~(It would be prudent for the Church Council to seek the advice of the Classis in regard to CO, art 8.)~~ 2.3 The applicant reports to the TSP (Senate and Curators) for a *colloquium doctum*. The *colloquium doctum* serves as assessment of the theological suitability of the applicant. Three sermons (OT, NT and HC) are examined. 2.4 The TSP informs the Church Council of the result of the assessment. 2.5 The Church Council provides the applicant with the necessary documentation and motivation for submission to the Regional Synod. 2.6 Should the Regional Synod deem the application successful, the student is referred to a Classis for a period of probationary sermon testing and then proceeds as per the Classis' orderly judgement. **Indication of amendments:** Heading: "Examination" is replaced with "Procedure". Paragraph 2.2: The first set of brackets is removed and the wording in the second set of brackets is removed.

Rapporteur: *Reporter*: